Jesus en rioolpype

Inleiding

- Die duiwel het patentreg op leuens – Hy het dit eerste uitgedink!
  - Hy is die vader van die leuen [Joh. 8:44].
  - Hy lieg die beste en weet hoe om super goeie leuens te vertel sodat jy amper nie kan agterkom hy lieg nie.
  - Maar vir leuens om leuens te wees is daar waarhede nodig waaroor gelieg word.
  - En die grootste waarhede waaroor hy die graagste lieg is die waarhede van die evangelie.

- Die evangelie staan op drie kern waarhede [vlg. Romeine brief se indeling].
  - Een is dat jy 'n rioolpyp is [Rom 3:9-18],
  - Twee is dat God onvoorwaardelik lief is vir rioolpype [Rom 5:1-11]
  - en derdens is dat God deur rioolpype wil werk [Rom 8&12].

- Die duiwel se leuens mik op een ding
  - – om Jesus minder te maak as wat Hy is
  - – of jou meer as wat jy is.
    - en as dit gebeur begin die moeilikheid in jou verhouding met Hom.

- Kom ons kyk nou na hierdie waarhede en leuens.
  - Kyk of jy vassit.
  - Kyk waar jy vassit.
  - Kom ons sien dan net weer
    - hoe fantasties Jesus is om ons los te kry en
    - jy die semester wat voorlê uit Hom deur Hom en vir Hom kan begin!

Ons glo	**Lieg [Sonder Jesus]**	**Jesus!**
Ek is 'n rioolpyp	voel sleg – dan kan jy goed voel	Jesus koop rioolpype
God is onvoorwaardelik lief vir rioolpype	Probeer ten minste - voel dan goed	Hý werk deur rioolpype
Hy gebruik my as rioolpyp	Kyk wat doen ek – voel goed	Hy verdien die eer

Ek is 'n rioolpyp

- Augustinus, 'n Christen biskop [tipe predikant] wat 400 n.C gelewe het,
    - het oor mense gesê dat
        - sonde heel dood natuurlik uit ons besoedelde harte vloei
        - soos riool uit 'n rioolpyp.

- Hy was reg.
    - Al praat die Bybel nie van rioolpype nie is Romeine 3:9-18 duidelik daaroor dat die mens niks anders is nie.

9 Waarop kom dit neer? Is ons as Jode dan beter as die ander? Glad nie,
want ons het al bewys dat Jode en nie-Jode almal in die mag van die sonde
is. 10 Daar staan immers geskrywe:
"Daar is nie een wat regverdig is nie,
selfs nie een nie.
11 Daar is nie een wat verstandig is nie;
daar is nie een
wat na die wil van God
vra nie.
12 "Almal het afgedwaal,
almal het ontaard.
Daar is nie een wat goed doen nie,
selfs nie een nie.
13 "Hulle keel is 'n oop graf,
met hulle tonge bedrieg hulle.
Oor hulle lippe kom woorde
so giftig soos slange.
14 Hulle mond is vol vervloeking
en bitterheid.
15 "Hulle voete is vinnig om bloed
te vergiet.
16 Hulle laat 'n spoor van verwoesting
en ellende agter.
17 Die pad van vrede het hulle
nie leer ken nie.
18 Ontsag vir God het hulle nie."

- Paulus is hier besig om te verduidelik
    - hoe nie een mens kan beweer dat hulle enigsins beter is as rioolpype wat liter na liter riool laat uitborrel nie.

        - Dit is die eerste waarheid van die evangelie.

- Hopelik kyk jy na jouself en erken dat dit waar is van jou.
    - Sonde en vuil borrel by my uit meestal nog voor ek kan probeer keer.

- Nou die duiwel se leun vir Christene hieroor is dat jy net baie jammer daaroor moet wees.
    - As jy na die tyd vir lank genoeg sleg gevoel het, oor byvoorbeeld 'n
        - lelike skinder sessie,
        - vuil grap
        - of stoute website,
    - ...dan kan jy weer goed voel oor jouself omdat jy darem sleg gevoel het.
    - Dit klink dalk laf maar op hierdie manier word 'slegvoel' jou Jesus.

- 'n Goeie paar dae van selfverwyt omdat jy 'n rioolpyp is
    - word jou manier om te voel dat jy darem nou betaal het
        - – sonder dat jy by Jesus was!
    - ...word 'n patroon...

- Maar Jesus het **<u>klaar</u>** betaal vir die hele rioolpyp wat jy is.
    - Jy kan nie betaal deur 'slegvoel' nie, al wil jy!
    - Ja, jy is 'n rioolpyp, maar die waarheid van die evangelie is dat Jesus rioolpype koop!

- Wat dan wel? Wees eerlik!
    - Erken en bely sonde op die naam voor Jesus wat klaar daarvoor betaal het.
    - Maar, sê dankie dat Hy klaar daarvoor betaal het
        - en eindig jou gebed met vreugde oor sy asemrowende genade en nie 'n lang gesig nie!

    - Nou die Tweede waarheid waaroor gelieg word.

God is onvoorwaardelik lief vir rioolpype

- God het by die tweedehandse bou-rommel plot gaan rondgrawe
    - om vir Hom 'n paar rioolpype te kry,
    - want Hy is onvoorwaardelik lief vir rioolpype!

- God het in Jesus aarde toe gekom en Romeine 5:6-8 beskryf vir ons
    - hoe Jesus vir mense gesterf en betaal het toe hulle nog sonder God was

- en niks anders as riool uitgeborrel het nie:

6Toe ons nog magteloos was, het Christus immers reeds op die bestemde tyd vir goddeloses gesterwe. 7'n Mens gee tog nie sommer jou lewe prys nie, selfs nie vir 'n regverdige nie. Ja tog, vir 'n goeie mens sal iemand miskien nog die moed hê om te sterwe. 8Maar God bewys sy liefde vir ons juis hierin dat Christus vir ons gesterf het <u>toe ons nog sondaars was</u>.

- God wat absoluut skoon en heilig is,
  - is onvoorwaardelik lief vir rioolpype.
  - Dit is die tweede waarheid.

- Maar wat is die duiwel se leuen hieroor?

- God is vir jou lief
  - daarom moet jy nou maar net mooi hard probeer om 'n goeie mens te wees.
    - Bv. Ek probeer regtig om goed te wees vir die mense om my.
    - Ek probeer om nie te veel te drink nie.
  - Hierdie leuen sê dus:
    - God is lief vir almal
    - en Jesus maak dat jy 'n tweede kans het om self te probeer om reg te lewe.
  - So: Almal wat ten minste self probeer om reg te lewe word gered.

- Maar om net self harder te probeer om 'n goeie mense te wees is nie waarin God belangstel nie.
  - God vra jou om sy Gees te vertrou en te gehoorsaam.
  - Want sien,
    - Iemand anders as jy moet in beheer wees
    - as iets anders as riool by jou moet uitkom.
  - 'n Nuwe lewe word gelewe deur die Heilige Gees te vertrou en te volg en deur Hom iets anders te laat uitkom as riool.
    - ...Strome lewende water! Joh. 7:38

- Romeine 8: - maak dit duidelik

12Daarom dan, broers, staan ons onder 'n verpligting, maar nie teenoor ons sondige natuur om daarvolgens te lewe nie. 13As julle julle lewe deur die sondige natuur laat beheers, gaan julle die dood tegemoet, maar as julle deur die Gees 'n einde maak aan julle sondige praktyke, sal julle lewe. 14Almal wat hulle deur die Gees van God laat lei, is kinders van God.

- Jy kan nie oor jouself goedvoel omdat jy darem 'self probeer' nie, al wil jy!
    - Vertroue en gehoorsaamheid aan die leiding van Jesus se Gees is wat nodig is.
    - Dit is Hy wat dan deur jou werk en regkry

- As jy dus nou vassit op 'n plek waar jy self ten minste probeer om reg te lewe – en daarin vrede probeer soek:
        - stop onmiddellik.
    - Jesus is dus weereens nie jou 100% betaling nie
        - maar jou 'ge-probeer' is jou betaling.

- Hoekom? Want die derde kern waarheid van Jesus se boodskap is dat God rioolpype gebruik.

God gebruik rioolpype

- Hoekom in die lewe sal God deur rioolpype wil werk?
    - Dit gaan mos eerder sy saak skade doen as goed!

    - God het 'n groep dom ongeletterde slawe met die naam Israel as volk gekies omdat hulle die kleinste was [vgl. Deut. 7:7].

    - God sit sy groot skat in breekbare kleipotte, hoor net hier [vgl. 2 Kor. 4:1].

Dit is die evangelie van die heerlikheid van Christus, wat die beeld van God is. 5Ons verkondig nie onsself nie, maar Jesus Christus as die Here, en onsself as julle dienaars ter wille van Jesus. 6God wat gesê het: "Laat daar lig skyn uit die duisternis," het ook in ons harte 'n lig laat skyn om ons te verlig met die kennis van die heerlikheid van God, wat van Jesus Christus uitstraal.
7Ons wat hierdie skat in ons het, is maar kleipotte wat maklik breek; die krag wat alles oortref, kom dus van God, nie van ons nie.

- En dit is die punt... is dit nie!
    - Hy gebruik juis ons in ons vuilheid sodat sy skoonheid kan skitter soos 'n helder wit lig!
    - ***Dit gaan alles oor Hom, Jesus jou vrede.***

- Dit is hoekom Paulus hier sê: "*Dit is die evangelie van die heerlikheid van Christus Ons verkondig nie onsself nie, maar Jesus Christus as die Here, en onsself as julle dienaars ter wille van Jesus.*"

- Hopelik ken jy jouself goed genoeg om te weet

- as iets goeds uit jou gekom het dit God moes wees want self is jy maar eintlik 'n rioolpyp.

- Dit is die derde kern waarheid van Jesus se boodskap.
  - Hy werk deur rioolpype tot sy eer.

- Nou, die duiwel se leuen hieroor is:
  - "Kyk hoe mooi het jy gemaak, WOW, jy is darem oulik"
  - En jou kop swel dan van 0 tot 100 in 3 sekondes

  - Want as die duiwel Jesus se heerlikheid nie met die eerste twee leuens minder kon maak deur briek te trap nie
    - gaan hy jou meer probeer maak deur nou die petrol te trap.

  - Dalk het jy kos vir die bedelaar gegee,
  - dalk êrens geld geskenk,
  - selfs iemand vergewe!

  - En nou voel jy te oulik... want JY het nou iets goeds gedoen

- Maar jy kan nie daaroor goedvoel nie
  - omdat Jesus mos eerder die eer daarvoor moet kry.

  - Die Heilige Gees werk nie eens in jou sodat jy goeie goed kan doen
    - en dan goedvoel omdat jy in God se boekies kan kom nie

  - Hy doen asemrowende werk deur rioolpype sodat Jesus kan skitter blink
    - as die een wat alles begin het,
    - alles veroorsaak het
    - en vir alles die eer sal kry.

- Dit is hoekom Paulus in 1 Kor. 1 v29sê: "

*[29]Voor God het geen mens dus iets om op te **roem** nie. [30]Aan God is dit te danke dat julle met Christus Jesus verenig is. Hy het vir ons geword die wysheid wat van God kom: die **vryspraak, die heiliging en die verlossing**. [31]Daarom, soos daar geskrywe staan:*
*"Dié wat wil **roem**,*
*moet in die Here **roem**."*

Slot

- Moenie by die duiwel se leuens vashaak nie!

- Eintlik gaan die preek nie oor die duiwel se leuens nie maar oor Jesus!
- Ruk los hierdie semester en lewe uit die fantastiese oorvloed van Jesus Christus vir jou:

- slegvoel is nie jou betaling nie – Alles wat nodig is, het uit Jesus gekom
- probeer is nie jou betaling nie – Alles wat nodig is gebeur deur Jesus
- goeddoen nie jou vrede nie – Alles wat gebeur is tot sy eer

- Eintlik kon ek hierdie hele preek met net een sin gesê het soos wat Paulus tot 'n samevattende hoogtepunt kom in Romeine 11:39

36Uit Hom en deur Hom en tot Hom is alle dinge. Aan Hom behoort die heerlikheid tot in ewigheid!

Amen

Griffel van Wyk
Brooklyn
25 Julie 2010